**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 2 OKTOBER 2012 OM 14:00**
**IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 9/2012**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen deur George Nezar, waarna al die lede welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Leon Kruger | | Reebokrif |
| Des Muller | | Riverside |
| Dawid Erasmus | | Tergniet |
| George Nezar | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Mike Wray | | Tergniethoogte |
| Dorothy Barnard | Sekretaris/Tesourier/Notuleerder | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Bertie Supra | Munisipaliteit |
| Abdul Coleridge | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 | |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 | |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit | |
| Terrie Terblanche | | Riverside |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Frik Nel | | Reebokhoogte / Bewarea |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur met die volgende wysiging:

Item 4.2, derde paragraaf: Haal tweede "sal" uit.

Voorgestel en gesekondeer deur mnre Johann Muller en Kruger de Wet.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **4.1** | **Versoek vir mid-jaarlikse algemene jaarvergadering** | |
| | Die vergadering neem kennis van die versoek dat 'n mid jaarlikse algemene jaarvergadering tydens die skoolvakansie ook plaasvind. | |
| | Na bespreking word besluit dat 'n algemene vergadering kan plaasvind, maar dat dit nie 'n Algemene Jaarvergadering kan wees nie. Die aangeleentheid sal tydens die AJV van 17 Desember bespreek word. Haal af. | Anton / Dorothy |
| **4.2** | **Vakante poste – Reebokrif (noord van spoor) en Reebokrif** | |
| | Die vergadering neem kennis van mnr Deon Hoon se bedanking as lid weens persoonlike redes. | |
| | Lede word versoek om nuwe lede vir vakante posisies te werf en belangstellendes se kontakbesonderhede aan die Voorsitter deur te gee. Haal af. | Lede |
| **5.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **5.1** | **R102 - Versperring van sig by uitgange** | |
| | Werk soos ooreengekom deur Eden Distriksmunisipaliteit is in proses maar vorder stadig weens personeeltekorte. | |
| | Lede is van mening dat die spoedgrens van 100km/uur te hoog is vir die gedeelte van die R102 onder bespreking. Anton onderneem om dit met mnr Steenkamp te bespreek. | Anton |
| **5.2** | **Nuusbrief 2012** | |
| | In proses. Lede se insette sal bygewerk word. Na bespreking word besluit dat die nuusbrief slegs op die webtuiste geplaas sal word en dat inwoners per sms bondel daarvan in kennis gestel sal word. | Dorothy / Anton |
| **5.3** | **Jaarlikse vergadering met die Burgemeester en afdelingshoofde (Aug/Sept)** | |
| | Staan oor tot volgende jaar. Sit op aktiwiteitslys. Haal af. | Dorothy |
| **5.4** | **Verteenwoordiging by maandelikse munisipale vergaderings** | |
| | Anton kon ongelukkig nie die vergadering van 19 September 2012 bywoon nie maar sal vir Charl Coetzer vra om 'n kort opsomming van die vergadering op te stel wat aan lede gestuur sal word. | Anton / Charl |
| | Die vergadering van 17 Oktober 2012 – 09:00 sal deur Mike Wray en Dawid Erasmus bygewoon word. | Mike / Dawid |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **5.5** | **Webtuise vir die Vereniging** | |
| | Die vergadering besluit om die kwotasie van Posil Consulting ten bedrae van R2 500, te aanvaar. Anton sal Silas Pothas kontak om die proses aan die gang te sit. Voorstelle vir die naam vir die webtuiste sal vooraf aan lede gestuur. | Anton |
| 5.6 | **Aansoek vir hersonering/vervreemding/onderverdeling van 'n gedeelte van Brinkstraat (Klein-Brakrivier) (padreserwe)** | |
| | Geen beswaar is ingedien nie. Haal af. | |
| **6.** | **PROJEKTE** | |
| **6.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| **6.2** | **Skoonmaak van erwe** | |
| | Geen ernstige probleme nie. | |
| **6.3** | **Rampbestuur** | |
| ***6.3.1*** | ***Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai*** | |
| | Geen terugvoer weens Gibo se afwesigheid nie. | |
| ***6.3.2*** | ***Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan*** | |
| | Des sal sy insette aan Dorothy stuur vir bywerking en deursending aan mnr Johnson. | Des / Terrie |
| **7.** | **FINANSIES** | |
| | Banksaldo R19 584,27 en kontant voorhande R341,24. | Dorothy |
| **8.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Johann Muller versoek lede om die teenwoordigheid van onbekende persone in die gebied aan die Polisie te rapporteer. | |
| **9.** | **BEWAREA** | |
| **9.1** | **Inligtingskantoor by Klein-Brakrivier** | |
| | Geen verslaggewing weens Frik se afwesigheid. Anton doen weereens 'n beroep op lede om belangstellendes na Frik te verwys. | Lede |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **10.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **10.1** | **Fraaiuitsig** | |
| | Munisipale terugvoer oor Charl se rapporteringsverslag van September is in proses. Die vergaderings is dit eens dat terugvoer van die Munisipaliteit oor sake wat op die Collab sisteem gerapporteer word, nie na wense is nie. | |
| | Lavinia rapporteer dat sommige inwoners versoek dat die ingang na Fraaiuitsig (h/v R102 en Da Gamastraat) op eie koste verfraai word. | |
| | Omdat die versoek buite die munisipale grense is, vra Anton dat die versoek skriftelik aan hom gestuur word vir deursending aan mnr Steenkamp van Eden Distriksmunisipaliteit. Haal af. | Lavinia / Anton |
| **10.2** | **Klein-Brakrivier** | |
| ***10.2.1*** | ***Parkeerterrein naby Treinbrug in Beyersstraat*** | |
| | Geen verslaggewing weens Charl se afwesigheid nie. | Charl de Wet |
| ***10.2.2*** | ***Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea*** | |
| | Terugvoer van die Munisipaliteit is nog uitstaande. Die vergadering is van mening dat dringende aandag aan die probleem geskenk moet word omdat die toestand van die duin daagliks versleg. | Rozain |
| **10.3** | **Reebok** | |
| ***10.3.1*** | ***Noord van die spoorlyn*** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| ***10.3.2*** | ***Suid van die spoorlyn*** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.4** | **Reebokhoogte** | |
| | Kruger meld dat hy 4 probleme met stormwaterinlate op 4 September aan die Munisipaliteit gerapporteer het, maar dat slegs 3 probleme aandag geniet het. Die inlaat by Mossellaan 17 is nog nie herstel nie, maar geen terugvoer word deur die Munisipaliteit gegee oor vordering nie. Sien ook kommentaar by 10.1. | Kruger |
| **10.5** | **Reebokrif** | |
| | Leon sal sy probleme direk met Frik opneem vir hantering. | |
| **10.6** | **Riverside** | |
| ***10.6.1*** | ***Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea*** | |
| | Sien item 10.6.2. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| ***10.6.2*** | ***Eienaarskap van rugbyveld*** | |
| | Die vergadering neem kennis van die Munisipaliteit se skrywe wat meld dat die rugbyveld aan die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap behoort en dat die Munisipaliteit dus nie behulpsaam kan wees met plasing van chemiese toilette nie. | Rozain |
| | Die situasie is vir inwoners onuithoudbaar en is dit onaanvaarbaar dat geen hulp verleen kan word nie omdat die gebied in die Mosselbaai Munisipale distrik is. Die Munisipaliteit word dus gevra om ons behulpsaam te wees om 'n oplossing vir die probleem te kry. | |
| | Anton onderneem om weer foto's van die probleme te neem sodat ons weereens ons versoek/motivering aan die Munisipaliteit stuur. | Anton / Dorothy |
| **10.7** | **Tergniet** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.8** | **Tergniethoogte** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **11.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| **12.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 6 November 2012 - 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind. | |
| **13.** | **VERDAGING** | |
| | Die Voorsitter stel voor dat die Vereniging 'n jaarsluitingsfunksie hou deur 'n bring-en-braai geselligheid te reël. Voorstelle sal tydens die volgende vergadering bespreek word. Die vergadering verdaag om 16:00. | |
| | DOROTHY BARNARD<br>**NOTULEERDER** | |
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 10/2012 GEHOU OP 6 NOVEMBER 2012. | |
| | ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |